NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 9 MAART 2025

EERSTE SONDAG VAN LYDENSTYD

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

Huis De Kuilen

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

Genesis 15:1-12, 17-18; Psalm 27;
Filippense 3:17–4:1; Lukas 13:31-35

SONDAG, 9 MAART	
09:00	Oggenddiens – ds Johan Janse van Rensburg intreepreek Kleuterkerk en Kinderkerk Deuroffer ten bate van: Huis De Kuilen Erediensspan 3 – Neels Kruger **Na afloop van die oggenddiens** • Senior Kategese • Gemeentetee in die saal
MAANDAG, 10 MAART	
18:00	Kooroefening
19:00	Sportmanne Bybelstudie in konsistorie
19:00	Vroue Bybelstudie
DINSDAG, 11 MAART	
09:30	Senior Burger Bybelstudie
WOENSDAG, 12 MAART	
09:30	Vroue Bybelstudie
09:30	Othello Bybelstudie
19:00	Kerkraadsvergadering in die konsistorie

DONDERDAG, 13 MAART
Sopbeurte: Mari Bothma, Ronel le Grange, Roezan Lewis, Lyta van Wyk, Jacomina Swart, Surina Viljoen, Liesl de Villiers
VRYDAG, 14 MAART
SATERDAG, 15 MAART
SONDAG, 16 MAART
TWEEDE SONDAG VAN LYDENSTYD 09:00 Oggenddiens Kleuterkerk en Kinderkerk Deuroffer ten bate van: Ramot Erediensspan 4 – Robert Rootman **Na afloop van die oggenddiens** • Senior Kategese • Gemeentetee in die saal

GEMEENTENUUS



1. Martie Nel (Carlsingel) se troosdiens is Saterdag 15 Maart om 11:00.
2. Anna van Wyk (Bottelary) is in die intensiewe sorg N1 Stad Netcare.
3. Hendrico Viljoen, gr8 (Zevenwacht) en Fritz van Wyk, gr9 (Bottelary) het WP kleure in Binnenshuise Krieket verwerf.
4. Janco Burger, gr7 (Poekoe Slot) het WP kleure in toutrek verwerf.
5. Mickey Muller, gr8 (Verreweidestraat) speel vir Bellville Hoërskool se 1ste span (o/19) hokkie. Sy is ook vir WP proewe genooi.
6. Neré Scholtz (Zevenzicht) is op die VCSV bestuur by Hoërskool De Kuilen verkies.
7. Esther van Eeden (Bosmanstraat) het goeie nuus ontvang nadat sy mediese toetse ondergaan het.
8. Dit gaan goed met Louis Hurter (Othello) na sy mediese prosedure.
9. Hanri en Marina Klomp (Gladiolistraat) het ‘n kleinseun ryker geword. Dis hul 5de kleinkind.

VAN ALLES EN NOG WAT

1. Die volgende kerkraadsvergadering vind plaas op Woensdag 12 Maart 2025 om 19:00.
2. Ons orrelis vandag is David Arendse. Die koor tree by Moedergemeente op.
3. Die jongste uitgawe van die Kerkbode is by die deure beskikbaar.
4. Die koeverte vir maandelikse GBO bydraes is by die kerkkantoor beskikbaar om afgehaal te word.
5. Lidmate wat by geleentheid verversings vir begrafnisse of ander byeenkomste gebring het, kan vanoggend in die saal gaan kyk vir jul borde en/of skinkborde. Dit is daar uitgepak.

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

09/03 Johan Gobregts, Réhan Botes
10/03 **DE EIKE GEMEENTE – 48 jaar oud,** Marcel Basson, Anje Boshoff, Anna van Tonder
11/03 Johnny Herbst, Groenewald Geldenhuys, Carien Paulsen, André Benkenstein
12/03 Tillie van Tonder, Janko Lamprecht, Stiaan van Zyl, John Pottage
13/03 Ina van Niekerk, Janco Burger
14/03 Bonnie Beukes, Fraser Muller, Josh Fourie, Pam Pretorius, Lia Botma, Ria van der Merwe
15/03 Janno Jonas, Johann Groenewald, Elise van Wyk, Divan de Koker

VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

Huis de Kuilen

Hierdie jaar vier Huis de Kuilen met trots 50 jaar van omgee en versorging! 🎉 Ons grootste uitdaging tans is om ons dak voor die winter te herseël. Dit is egter 'n GROOT uitgawe, en ons waardeer elke bietjie ondersteuning om hierdie noodsaaklike herstelwerk moontlik te maak.

Tel: 021 903 7055
Epos: ontvangs@huisdekuilen.co.za
Webtuiste: www.huisdekuilen.org.za

DE EIKE GHOLFDAG

15 Maart 2025
Jan Krielskool se baan
Sluit 'n ete in
6-bal @ R275 per kop

Kontak Hennie Rootman by 082 444 4046 of die kerkkantoor as jy wil inskryf.

Ons kort ook nog donasies om te help om onkoste te dek.
As jy kan help of dalk net wil bydra tot die sukses, kan jy EFT in die kerk se rekening, gebruik asb die verwysing **" Jou naam en Gholfdag"**

Spring sommer gou en skryf in of help met 'n bydrae.
Saam maak ons die dag 'n reuse sukses!!

DIE KOSMANDJIE

Hierdie **Spenslys** is die items wat ons **nodig** het, of moet aankoop vir einde van die maand se kospakkies.

- Koffie en Suiker (wit of bruin)
- Kitsmieliemeel (1kg-pakke) en graankos (24 of 48 beskuitjies)
- Blikkies: groenertjies of groenbone, tamaties, mielies en tuna
- Pakkies soppoeier en soja (200g en 400g)
- Grondboontjiebotter (400g) of konfyt
- Skottelgoedseep

Dis De Eike se liefdeswerk - dankie dat julle hiermee help.

Mandjie-groete

KLERE & VERE

Ja, ons skud alreeds vere reg vir die basaar en ons het JOU hulp nodig!

Bring asseblief noual enige skoene, handsakke, baadjies, truie, hemde, broeke, en wat ookal – solank dit skoon en heel is, gebruik ons dit graag.

Ons pak op die oomblik ook vir **Nuwerus** en vir **VGK Koelenhof**. Jy kan iets spesifiek vir hulle saamstuur; dui net so aan sodat ons weet.

Groetnis!

2 Vere

'N UNIEKE MUSIEK- EN TEATERERVARING

Aanskou die Mens

'n Unieke musiek- en teaterervaring!

Bekroonde orrelis Winand Grundling en geliefde akteur Johann Nel neem jou op 'n emosionele reis deur ikoniese nuusgebeure soos die Hindenburg-lugramp, Hiroshima, die maanlanding, 9/11, en die Springbokke se 2023 Wêreldbeker-oorwinning.

Johann bring die nuus lewendig met teks deur Erns Grundling, terwyl Winand die orrel gebruik om bekende en verrassende temas te improviseer. ’n Intense kombinasie van geskiedenis, musiek en emosie wat die orrel as “kommentator” op ons verlede vier.

Sondag, 16 Maart 2025 om 16:00
Plek: Brackenfellgemeente
Kerkstraat, Brackenfell
Kaartjies by die deur: **R150**

BOEREWORSROL VRYDAG-ETE

Plaas bestellings by die Kerkkantoor voor Maandag 24 Maart 2025.
Etes kan afgehaal word op 28 Maart 2025 tussen 5 en 7 die aand of kom eet en kuier saam in die saal. Moenie die winskoop mis nie!

AKSIE SAMARITAAN

Ons benodig hulp met die volgende items om hierdie Paasfees ook die liefde van Jesus tasbaar aan ons kliënte oor te dra...

* 10 bokse marshmallow paaseiers
* 25 pakke "hot cross buns"
* 150 sjokolade melkies
* 25 pakkies "speckled eggs"
* 10kg rys en 2x7kg aartappels
* 10 pakke "potjiekos" groente
* 18kg bees potjie vleis
* 150 x 300ml koeldrankies
* 20 pakkies stokkie pretzels
* 30 pakke wit mini marshmallows
* 10kg gedroodge "cranberries"
* 30 eiers

Kontant bydraes is ook welkom!

Indien jy kan help kontak gerus vir Jakkie by 0824533862. Blessings!

VGK KERKKOOR

Die Dameskoor van VGK Sarepta nooi almal om op Gesinsdag (21 April) 'n busrit na Langebaan met ons mee te maak. Ons vertrek die oggend en elkeen bring die dag deur net soos hul wil, totdat ons laatmiddag terugkeer.
Die prys is slegs R350 per persoon. Dit dek die vervoer.
Laat weet asb vir Janine Williams indien jul belangstel of vir Mariana by die kerkkantoor.
Ons sien uit**!**

NUUS UIT DIE FINANSIESKANTOOR

Ek gee graag terugvoer oor die afgelope 3 maande se syfers:

	Desember 2024	**Januarie 2025**	**Februarie 2025**
Maandelikse dankoffers	178 697	167 131	183 071
Totale inkomste	292 643	226 719	311 064
Totale uitgawes	413 713	352 069	296 927
Surplus / (Tekort)	**(121 070)**	**(125 350)**	**14 137**

Ons moes gedurende Februarie ons finansiële gordels styf intrek ter wille van ons kontantvloei-uitdagings, en gevolglik was ons maandelikse uitgawes heelwat laer as die gemiddeld van R388 454 per maand .

Totale inkomstes vir die jaar was R4 664 670 en totale uitgawes vir die jaar was R4 661 452. Ons is baie opgewonde oor hierdie syfers want dit beteken dat ons nie afgesluit het op die tekort waarvoor ons begroot het nie, maar wel so min of meer gelykgebreek het.

Ek gee 'n meer detail oorsig oor die afgelope boekjaar se syfers in volgende week se uitgawe van die Akker. Vir nou sluit ek af, deur te sê baie dankie vir elke bydrae wat ons so getrou ontvang!

Groete tot volgende maand,
Elmari Schwenke-van der Walt

PREEKSKETS

TEMA – GOD HET ONS GEROEP

Prediker: Ds Johan Janse van Rensburg

Skriflesing: Efesiers 4:1-7

Ons elkeen het ‘n storie, maar ons is ook elkeen deel van ‘n storie. As gelowiges is ons deel van God se storie en God is ook deel van ons storie. Ons behoort ook aan God. Paulus begin hierdie gedeelte met die woord: “Daarom”. Dit is eintlik ‘n uitroep teken vir elkeen wat die brief lees of God se storie ken. Hy wil ons aanspoor om te wees wie ons reeds is. Aanspoor om te lewe soos mense wat aan God behoort. God kies, roep en stuur elkeen van ons, oud en jonk, vir een groot roeping. Daardie roeping vra van ons om met ons hele lewe te getuig van God se groot liefde en die Goeie Nuus van Jesus. God nooi ons om in woord en daad sy getuies te wees. Hy seën ons ook met spesifieke genadegawes om ‘n groot verskil in die wêreld te maak.